Ethan Bester

**<u>Tema</u>**: Seisoene

<u>Sout van die Aarde</u>

By ‘n begrafnis in Benoni sit ek tussen ‘n gemeente van grys koppe. Ek besef eers na ‘n ruk dat dit nie ‘n gewone Sondag-oggend diens is nie, maar ‘n roudiens is. Die afgestorwe se seun staan by die kateder en begin met sy huldeblyk.

“Pa, wat het gebeur? Gewoonlik as mense hulle lewe voltooi, is daar ʼn lyk wat begrawe kan word. Al wat ons het, is sout.”

Ek besef toe vir die eerste keer sedert ek in daardie kerk ingetree het, dat die oop kis net gevul was met sewe Checkers sakke vol sout. Net daar en dan toe weet ek, ek moet bly en luister wat hier aangaan.

“Die seisoene verander vier keer ʼn jaar. Soms is dit warm, en soms is dit koud. Pa, was soos die seisoene. Jy het die heletyd verander en net toe ek gewoond geraak het aan jou as kind, was dit ʼn nuwe man.”

Die seun wat praat lyk of hy in sy dertigs is, naby aan veertig. Jy kon sien hy het voor die tyd gehuil, maar sal nie weer tydens sy spraaktyd nie. Met sekere frases en woorde is daar huiwering, maar dit veroorsaak nie ongemaklikheid nie.

“Jy was nie die beste pa nie. Om eerlik waar te wees, jy was regte sleg. Ek onthou toe pa nog soos die somer gevoel het, maar dit was toe ek ʼn kind was. Na die egskeiding was dit net winter. Net winter.”

Die seun begin saggies huil.

“Sout van die Aarde… Dis wat jy altyd jouself genoem het. Die sout van ons aarde, want jy het vir alles gesorg. Dalk het jy vir alles gesorg en ek kon net nie dit dien nie. Jy was nie ʼn goeie pa nie…”

Die gemeente begin na mekaar kyk en die tannie lanks my fluister saggies in my oor:

“Hierdie kinders verstaan nie wat hulle ouers vir hulle gedoen het nie.”

Ek glimlag net liggies vir die tannie en begin my ontsnap-roete te beplan.

“Jy was nie ’n goeie pa nie, maar jy was ’n goeie oupa. Vir my kinders. Jy was so liefdevol vir hulle. Die seisoene het verander en somer het terug gekom. So vandag rou ek nie oor my Pa nie, maar ek rou oor my kinder se Oupa. Ek vergewe jou, Pa. Ek is net bly ek kon die somerson vir ’n rukkie weer voel”

Die seun snik en beweeg terug na sy sitplek. Die res van die diens kon ek nie onthou nie.

Maande later het ek myself bevind besig om te bak. Toe haal ek die sout uit die spen en dink oor daardie seun en sy pa. Ek weet nooit hoekom daardie oom in sout verander het nie, maar ek weet dat selfs deur alles wat gebeur het, het sy seun hom vergewe. Dit het vir my gewys dat mense kan verander en dalk verander mens net dalk in die sout van die aarde.